



HS Action Group

ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: AUGUSTUS 2018

Geagte HSAG-belegger / Mnr. / Mev. / Mej. [Customer Name]

Hierdie nuusbrief word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikase Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG finale inligting kan bekom.

Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

1. INLEIDING

Onlangs in die media was berig dat mnr Nic Georgiou se een seun, in sy persoonlike hoedanigheid (en dit sluit nie eens die res van Georgiou familie, entiteite en sakeryk in nie!) onder die top 30 rykste individue in Suid-Afrika is.

Die HSAG se regstappe teen die Georgiou’s is dus nie teen onvermoënde persone wat uiteindelik nie sal kan betaal nie.

Nieteenstaande die “duisende mense” wat volgens Georgiou se meelopers sy Artikel 155 Reëlinskema sou ondersteun, strook dit nie met die HSAG se syfers nie, tensy hulle lede gewerf het onder die oorblywende 11 000 persone wat nie by die HSAG aangesluit het nie. Orthotouch en Helgard Hancke se HSBF word gedaag om die persone wat by hulle vorms geteken het aan ons te verskaf omdat die HSAG nie sondermeer persone aan boord sal hou wat hul eise teen Georgiou en ander afgeteken het nie.

Tot dusver en sedert 2014 het ongeveer 5% van die HSAG se lede aangedui dat hulle nie meer met die klas-aksie wil voortgaan nie en slegs ongeveer 2% op die

voorgeskrewe wyse onttrek het. Dit beteken dat Mnr. Nic Georgiou en die ander respondente steeds 'n groot taak het om hulself teen hierdie groep te verdedig.

2. ONDERSTEUNING VAN HSAG EN LEDE – BYDRAES

n Spesiale woord van dank aan u vir u lojale ondersteuning die afgelope jare waar ons letterlik van krag tot krag gegaan het ten einde geregtigheid te laat geskied. Sonder u voortgesette ondersteuning sou die HSAG se saak (ten einde die miljarde rande wat namens u geëis word, terug te vorder vanaf diegene wat die verliese en skades wat gely is) veroorsaak het te vorder, nie moontlik gewees het nie!

Die HSAG en die regsman is steeds lojiaal teenoor u saak en onderneem steeds om alles in hul vermoë te doen ten einde u regte te beskerm en om te verseker dat die skuldige partye aan die pen ry.

'n Ernstige besprekingspunt wat tydens die laaste HSAG-bestuursvergadering geopper was, is egter hoe vêr die HSAG lede aan boord moet hou of beskerm wat nie hul kant finansiëel bring of selfs nog geensins enige registrasiekoste ten volle betaal het nie?

Die HSAG-bestuur merk egter dat daar 'n aansienlike hoeveelheid lede is wat nog nie hul registrasiekoste betaal het / ten volle betaal het nie. Dit spruit tot 'n mate daaruit dat daar voormalige ondersteuners van die HSAG was wat hulle onder die valse indruk gebring het dat hulle geen verdere gelde verder hoef te betaal nie. Sedertdien was daar tientalle nuusbriewe en kommunikasie wat vir almal uitgewys het wat die bydrae moet wees maar is daar steeds beleggers wat nie enige verdere bydraes gemaak het nie.

Dit is baie belangrik dat elke lid sy/haar kant moet bring ten einde die HSAG se saak te dryf anders sal hul lidmaatskap ongelukkig noodwendig beëindig word.

Die gevolge daarvan is verreikend en kan ondermeer beteken dat u eis teen Orthotouch/Georgiou kan verjaar weens die beëindiging van u HSAG lidmaatskap

Hierdie lede mag moontlik gedurende die volgende paar weke telefonies, elektronies of andersins gekontak word ten einde hierdie kwessie aan te spreek, maar rus die verantwoordelikheid steeds algeheel op die lid om toe te sien dat sy/haar registrasie op datum is.

3. OU KOEIE UIT DIE SLOOT

Nadat die HSAG die Kennisgewing van Mosie, waarin die HSAG aansoek doen vir die bespoediging vir 'n Sertifikasie van 'n klas-aksie vir HS 21 & 22, op mnr Nic Georgiou en ander Respondente beteken het, het die HSBF, soos te wagte, weer 'n persoonlike aanval geloods op die HSAG en die HSAG se regsman deur spreekwoordelike "ou koeie uit die sloot te grawe".

Die handgeskrewe nota wat tydens die skikkingsonderhandelinge gedurende Maart 2017 deur mnr Johan Stander geskryf was, is weer voor die neus van beleggers gewaai met die valse aantygings dat die HSAG se regspan net daarop uit is om miljoene rande uit die HSAG-beleggers te maak.

Die HSAG het in die April 2017 Nuusbrief volledig daarvoor berig:

- Gedurende die skikkingsonderhandelinge op 30 en 31 Maart 2017 het mnr Nic Georgiou bevestig dat hy van voorneme was om al die HSAG-lede se eise in geheel te skik;
- Na afloop van die skikkingsonderhandelinge, het Mnr Georgiou het 'n versoek aan HSAG-bestuurslid, Johan Stander, gerig dat 'n geskatte bedrag/bedrae aan hom verskaf moet word wat betaalbaar is en/of waarvoor hy addisioneel tot die HSAG-lede se eise moes begroot, ten einde die gehele klas aksie te skik, onder andere die terugbetaling van regs- en ander kostes aan die HSAG- lede;
- Indien die HSAG in totaal geskik sou word, sou die geskatte beraamde HSAG eise nagenoeg R2.5 miljard beloop en die totale eise van 'n klas-aksie vir HS15-22 (insluitend nie-HSAG-lede) R4.8 miljard. Hierdie is die bedrae wat mnr Nic Georgiou moes oorweeg in sy berekening vir skikkingsdoeleindes; plus regskoste wat met hom ooreengekom was om terug te betaal aan HSAG lede.
- Mnr Georgiou was egter verder geadviseer dat, indien die skikking vir die HSAG nie vóór einde April 2017 gefinaliseer en geteken word nie, hy ook verdere regskostes/opvraging vir die meer as 6 688 HSAG-lede wat op R2 000 per persoon beraam was, moet begroot.
- Kragtens paragrawe 5.2.3 en 15 van die skikkingsooreenkoms, was mnr Nic Georgiou verantwoordelik vir die betaling van die HSAG-lede se registrasie- en regskostes asook alle kostes wat verband hou met die skikkingsonderhandelinge; sodat gemelde bedrae aan die HSAG-lede terugbetaal kon word.
- Dus sal 'n skikkingsooreenkoms die HSAG-lede tot daardie stadium niks kos nie, en is dit vals om te suggereer dat die HSAG prokureurs adisionele geld sou versoek het. Theron & Vennote werk verdermeer ook nie op 'n gebeurlikheids- of kommissiebasis nie. Wetgewing maak voorsiening daarvoor dat regsverteenwoordigers tot soveel as dubbeld hul fooie óf 25% van 'n Eiser se eis, welke bedrag ookal die minste is, hef mag word. Omdat mnr Georgiou gesê het hy wou begroot vir die slegte moontlike senario, was die maksimum bedrae en getalle aan hom verskaf. Ons prokureurs hef egter slegs die normale regsfooie en uitgawes vir werk gelewer, welke fooie geverifieer word deur onafhanklike kostekonsultante en deur onafhanklike ouditeure geoudit word. Met betrekking tot die opstel, onderhandelinge en uiteindelijke voltooiing van die ooreenkoms (wat oor langer as 40 maande vanaf datum van ondertekening sou strek) was 'n benaderde bedrag per kontrak deur Mnr Stander aan mnr Georgiou verskaf. 'n Beraming van ongeveer R250 per kontrak per maand op die destydse skikking was aan mnr Georgiou verskaf;

- Indien ál die 6 688 HSAG-lede hul bydrae tot kostes gemaak het (wat ongelukkig glad nie die geval was nie), moes mnr Georgiou tussen R2 000 en R2 500 per sindikasie aan die beleggers terugbetaal;
- DÍe verdere bedrag wat deur Mnr Georgiou betaalbaar sou wees indien die HSAG-lede se eise ten volle geskik word, sluit onder andere in die HSAG-lede se bydraes tot administrasie- en regskostes en die verdere bydrae van R2 000 per persoon (wat vanaf Mei 2017 gehef sou word);
- Behalwe bogenoemde kostes het Mnr Georgiou ook aangebied dat hy 1% kommissie as onderhandelingskommissie uit sy eie sak sou betaal, indien die HSAG lede sy aanbod sou aanvaar. Die oorgrote HSAG-lede het voorheen Mnr Georgiou se 50% aanbod verwerp. Talle beleggers het destyds gesê dat hulle bereid sou wees om 'n persentasie van hul eis af te staan. Deur die bank het geen belegger 'n probleem gehad indien hulle 'n aanbod van Mnr Georgiou aanvaar en hy al hul regskoste plus die 1% onderhandelingskommissie uit sy eie sak sou betaal nie, en is Mnr Hancke se aantyging absurd! Theron & Vennote Prokureurs het nie aan hierdie bespreking deelgeneem nie. Geen onderhandelingskommissie vorm deel van die skikkingsooreenkomste nie en het mnr Georgiou onderneem om dit vanuit sy eie fondse te betaal (watter persentasie die HSAG-lede ookal mag aanvaar). Indien Mnr Georgiou dit ontken is dit 'n blatante leuen.
- Helgard Hancke was nie genooi na die onderhandelinge nie en kan hy hom glad nie uitlaat oor wat daar gebeur het nie.

Nou gebruik die HSBF die handgeskrewe nota totaal en al buite konteks en slegs met een deursigtige doel voor oë: om die aandag van die skuldige partye af te trek wat nagenoeg R4.6 miljard van beleggers geneem het, om die fokus vanaf Orthotouch, wat nie hul renteverpligtinge teenoor HS-beleggers nakom nie af te haal, en om die HSAG se regsplan en die bestuurskomitee te diskrediteer.

Die HSBF kan gerus in plaas daarvan om die HSAG-regspan, wat al sedert 2014 vir beleggers veg, swart te smeer en dit uit te maak of die HSAG-regspan beleggers se geld vermors die Prospektusse (waarin HS-beleggers ooreed was om hul hardverdiende geld te belê vir beloftes wat glad nie gerealiseer het nie) voor die neus van Orthotouch/Georgiou en die direkteure te hou. Of nog beter, stuur 'n afskrif van die Art 155-Reëlinskema (wat bepaal dat HS-beleggers maandeliks rente moet ontvang) aan Orthotouch en vra waarom die rente nie betaal word nie.

Ons kan ons lede verseker dat daar geen waarheid in die HSBF se gerugte is nie en dat die HSAG steeds daarna streef om in die beste belang van sy lede op te tree. Nieteenstaande verskeie beloftes van 50% skikking deur HSBF het nog nie 'n enkele ooreenkoms gematerialiseerm nie.

Besluit dus self wie praat die waarheid!

4. LEË BELOFTES VAN ORTHOTOUCH / NIC GEORGIU

Op 26 November 2014 was daar op 'n ex parte (eensydige) basis sonder kennis 'n Hofbevel deur Georgiou se Orthotouch bekom wat die sanksionering van 'n Art 155 Reëlinskema ("Reëlinskema") deur die Noord-Gauteng Hooggeregshof, Johannesburg magtig.

In terme van die Reëlinskema was eise van die handelskrediteure van Orthotouch en die HS Maatskappye asook die eise van HS Beleggers, wat die HS Beleggers se eise in verband met rente insluit, geherstruktureer.

Die HS Beleggers was in terme van die Reëlinskema die geleentheid gegun om keuses te maak aangaande die terugbetaling van hul historiese beleggings in die HS Maatskappye, gebaseer op sekere Alternatiewe keuses / Opsies.

HS-beleggers kon een van drie alternatiewe keuses / opsies uitoefen:

- **Alternatief 1**

"HS Beleggers wat vir Alternatief 1 stem, is geregtig om pro-rata volle betaling te ontvang van hul historiese beleggings, op die tiende herdenking ("tiende herdenking") van die finale datum ("die Alternatief 1 Kapitaal") en gedurende die tydperk van aanvaarding van Alternatief 1, tot die tiende herdenking, sal HS Beleggers wat Alternatief 1 kies, rente ontvang, bereken en betaalbaar teen 4% per jaar, maandeliks agteruit, op die waargenome waarde, soos vanaf die finale datum, die Alternatief 1 Kapitaal synde betaalbaar op die tiende herdenking, soos beoog in paragraaf 2.2.5.3 van die Reëlinskema."

Volgens Alternatief 1, moet die uitbetaling in terme van bogenoemde opsie in 2024 realiseer. Die HSAG het egter sy bedenkinge oor die feit of die betaling ooit gaan geskied aangesien Orthotouch tans moet raap-en-skraap om die huidige renteverpligtinge (die 2% rente per jaar) teenoor beleggers na te kom.

Dit blyk asof Alternatief 1, net soos die ander opsies, 'n leë belofte mag wees. Die HSAG sal graag wil weet watter stappe Orthotouch gaan neem ten einde te verseker dat die beleggers hul geld binne 6 jaar gaan kry.

- **Alternatief 2**

"HS Beleggers wat vir Alternatief 2 stem, is geregtig om pro-rata volle betaling te ontvang van die werklike totale gemiddelde waardes van die eiendomme, soos op 31 Maart 2017 ("die Alternatief 2 Kapitaal"), wat gewaarborg word teen ten minste R2 miljard, en tot datum van betaling, sal rente betaal word, bereken en betaalbaar teen 6% per jaar, maandeliks agteruit, op die bedrag van R2 miljard, vanaf die finale datum tot datum van betaling van die Alternatief 2 Kapitaal, die Alternatief 2 Kapitaal synde betaalbaar op 31 Maart 2017, soos beoog in paragraaf 2.2.5.4 van die Reëlinskema."

Volgens die terugvoer wat die HSAG vanaf HSAG-beleggers ontvang, het hierdie opsie nog nie ten volle gerealiseer nie en was daar uitstelle met betrekking tot die betaling van bogenoemde opsie. Soos met Alternatief 1, word die onderneming oor rentebetelings ook nie nagekom nie.

- **Alternatief 3**

“HS Beleggers wat vir Alternatief 3 stem, kom ooreen om hul regte, titel en belang in en tot hul eise teen die Maatskappy en die HS Maatskappye, hul (“noteringsregte”), ten opsigte van die waardes van hul eise teen die finale datum, te omskep in aandele in The Capital Growth Fund Limited (“CGF”), ’n nuwe Eiendomsfonds, wat as ’n REIT in die eiendom-sektor op die hoofbeurs van die JSE Beperk (“JSE”) genoteer staan te word.”

“Besonderhede van CGF en ’n opsomming van die besonderhede van die voorgestelde notering blyk uit Aanhangsel “J” tot die Reëlinskema, soos beoog in paragraaf 2.2.5.5 van die Reëlinskema. Die notering van CGF by wyse van bekendstelling op die JSE, sal toelaat dat HS Beleggers die geleentheid kry om hul historiese beleggings in die HS Maatskappye te omskep in gewone aandele of ’n kombinasie van gewone en versekerde aflosbare voorkeuraandele in CGF.”

“Al die gewone aandele en al die voorkeuraandele in CGF sal genoteer word op die JSE (onderhewig aan goedkeuring deur die JSE), wat die eienaars van die gewone en voorkeuraandele die geleentheid sal gee om handel te dryf in hul aandele op die JSE.”

Alternatief 3 het tot op datum glad nie gerealiseer nie, dit was weereens ’n leë belofte wat aan HS-beleggers gemaak was. U sal onthou dat Mev Elna Visagie hierdie opsie bemark en gedryf het – haar en Orthotouch se ewe skielike stilswye spreek egter boekdele. Volgens gerugte is Mev Visagie oorsee en werk sy nie meer vir Orthotouch/Georgiou nie.

Daar het egter absoluut niks van hierdie beloftes en ondernemings gekom nie. Twee jaar gelede het Mnr. Nic Georgiou naartigtelik vir die “swakkes en armes” lys (sy sogenaamde “weak and poor list”) gesoek maar sonder enige sukses by die HSAG. Sedertdien het Mnr. Helgard Hancke die HSAG verlaat en oorgestap en skielik het Georgiou weer met die aanslag begin deur nou betalings te weerhou van mense wat kwansuis by die HSAG is en finansieël nie kan oorleef nie. Dit is baie duidelik daarop bereken om die siek en arm persone se onbenydenswaardige posisie uit te buit en sodoende van hul eise teen Georgiou en ander ontslae te raak. Mnr Hancke het destyds as bestuurslid met die HSAG lede geskakel en kan hy dalk verduidelik waar Mnr Georgiou sy inligting vandaan kry.

Bogenoemde optrede is nie alleen uiters oneties nie, maar ook ’n waarskuwing dat HSAG-beleggers baie versigtig moet wees om met Orthotouch/Georgiou en hul ondersteuners te kontrakteer. Die realiteite van die saak (waarvan die feite voor die hand liggend is) is dat daar nog nie een belofte/onderneming wat deur Orthotouch,

Georgiou, mev Elna Visagie en mnr Helgard Hancke nagekom is nie en, behalwe dat HSAG-lede hul eise teen Georgiou en ander afteken, is die skrif feitlik 'n gegewe en teen die muur dat hulle nie hul beleggings gaan sien nie .

In reaksie op bogenoemde waarskuwings was daar in opvolgskrywes van Orthotouch, mnre. Klopper en Hancke aangevoer dat die versuim deur Georgiou is as gevolg van die "voortgesette litigasie van die HSAG en ander is". Dit is loutere onsin. Orthotouch het van 48 van sy 50 bates ontslae geraak en is daar geen waarde om beleggers te betaal nie. Klopper het 'n lang antwoord op die HSAG se vorige nuusbriëf gegee maar twee eenvoudige kwessies gesystap:

- (a) Wat het geword van die beleggers se miljard wat Georgiou vanaf HS19-22 ontvang het? en
- (b) Wat het van die HS15-18 se geboue en die opbrengs geword?

HS-beleggers het 'n totaal van R4.6 miljard belê in die mislukte HS15-22 maatskappye, daar is eiendomme wat huidig nog verhuur word en ook eiendomme wat sedertdien verkoop is. Wat het van al die HS-beleggers se geld geword?

5. HSAG NUUSBRIÛE DEUR, VANAF EN VIR HSAG LEDE - UIT DIE PEN VAN 'N BELEGGER

Mnr. Helgard Hancke het 'n groot gewag gemaak van wie kwansuis verantwoordelik is vir die inhoud van die nuusbriëwe. Net so verkeerd soos wat Hancke oor Orthotouch en Mnr. Nic Georgiou se ware motiewe en doelstellings is, so verkeerd is hy ook oor die HSAG, sy bestuur, regsverteenwoordigers en selfs die inhoud van ons nuusbriëwe. Ter illustrasie het die HSAG sedert die laaste nuusbriëf 'n afskrif van 'n skrywe vanaf 'n belegger ontvang wat aan Orthotouch en mnr Helgard Hancke gerig was.

Die inhoud van die skrywe, wat vir sigself spreek word woordeliks hieronder aangehaal en verteenwoordig die oorgrote meerderheid van HSAG lede, sy bestuur, regsverteenwoordigers en almal wat betrokke is (selfs diegene wat vir Georgiou en Orthotouch werk!) se siening. Die identiteit van die skrywer word nie bekendgemaak nie maar is toestemming verkry om dit te plaas:

"Vir aandag: Mnr Hancke en Orthotouch

Na aanleiding van die nuusbriëf wat ek ontvang het die volgende:

Ek is 'n belegger van R400,000 in die HS 21 sindikaat. My oorspronklike skriftelike ooreenkoms het bepaal dat ek na 5 jaar my volle belegging sou terug ontvang. Na talle eensydige besluite waarin ek geen sê gehad het nie, sit ek vandag in die posisie waar selfs my rente, wat weereens nie volgens my oorspronklike, skriftelike ooreenkoms nagekom is nie, gewysig is sonder dat dit my goedkeuring weggedra het, nou terug gehou word. Dit is op my afgedwing met mooi beloftes wat nie gerealiseer het nie. Om die saak verder te versleg word my rente vir Julie en

Augustus teruggehou omdat ek nie 'n verklaring wil aflê, wat my verder kan benadeel nie.

Ek het nie ooreengekom om enige verklaring af te lê waarin ek op die ou einde verlof gee dat daar geen eise teen Georgiou en sy trawante in hulle persoonlike hoedanigheid gebring kan word nie. Hoe gek is dit!!

In al die skrywes wat ons van alle kante af ontvang, word die liggelowige, weerbare oumense gedreig, mislei en belieg.

Julle is so besig om mekaar sleg te sê en te beskuldig dat die fokus nie meer oor die beleggers se belange gaan nie, maar eerder om julle eie ego's en agendas te bevorder. Laat staan julle gekibbel en gaan soek die persone in wie se sakke die beleggers se geld verdwyn het en kla hulle aan vir hulle misdade. Ons pensioentrekkers is, om 'n eufemisme te gebruik, keelvol!!

Die skrywe van D P Cohen het ons bloeddruk verder laat styg. Sy smartvolle brief oor sy sogenaamde emosionele mishandeling kan nie eers vergelyk word met die trauma wat die beleggers oor jare moes verduur nie. Erken jou aandeel in hierdie gemors en stel dit reg l p v te bedank. Ongelukkig beskik die beleggers wat al vir jare so getraumatiseer is dat sommige 'n voortydige dood gesterf het, nie oor hierdie luukse nie.

Ek wil u ook net herinner dat geen ongeregtigheid net verdwyn sonder dat jy die prys daarvoor gaan betaal nie. So, besluit maar self of julle eerbaar of boos optree, Weet ook dat julle dalk nou dink dat julle bo die reg verhewe is, maar so seker as dat daar 'n Vader in die hemel is wat belowe het dat daar 'n plek gemaak is vir die bewerkers van ongeregtigheid, so seker sal die persone wat aan die onreg aandadig is, se dade in die ewigheid weerklink. Elke sent wat onregmatig van die beleggers vervreem (lees gesteel of weerhou) is, sal vergeld word. Die Groot Regter slaap nie.

Ek versoek u om onverwyld my rente van Julie en Augustus te betaal.”

Bogenoemde skrywe ontlok onwillekeurig die volgende reaksie:

- Die brief is gerig aan Orthotouch en Mnr. Helgard Hancke, beide ondersteuners/meelopers van Nic Georgiou, die Eerste Respondent, wat sy werk vir hom doen;
- Emosies van ongelooflike woede tot 'n bittere hartseer vir die algehele mishandeling en onmoontlike situasie waarin die HS beleggers reeds vir jare deur Mnr. Nic Georgiou en sy meelopers geplaas was word verwek;
- 'n Versinnebeeld van die uitdagings wie almal wat by die HS Maatskappye betrokke is, ondervind;
- Dit stuur 'n boodskap van ongekenste sterkte, geloof en wysheid;
- Die brief is besielend en som die situasie, onbenydenswaardige posisie en omstandighede waarin almal hulself bevind, getrou op.

Dit is lank reeds bekend dat Mnr. Georgiou, sonder uitsondering mense, wie vroeër weens hul posisie 'n reputasie van vertrouwe teenoor ander opgebou het (beleggingsadviseurs, professionele persone, voormalige HSAG komiteede, ondersteuners ens.), inspan vir sy saak en daarna vir eie finansiële gewin en doeleindes gebruik om sodoende algehele verwarring en onsekerheid (ook onder die meestal goedgeelowige bejaardes) te saai. Niks is dus vreemd wat aanbetref die houding van die BRP (Hans Klopper), Ontvanger (Derek Cohen), HSBF (Helgard Hancke) en ander persone (Elna Visagie) met hul sogenaamde “advies” en “oplossings” nie. Almal is kwansuis slagoffers maar alles is ongetwyfeld daarop gemik om Mnr. Nic Georgiou uiteindelik te bevoordeel.

In hierdie saak word uitgelewerde pensioentrekkers en bejaardes met hul eie aftree pakkette en lewensspaargeld afgedreig én beveg en, as dít nie werk nie, word hulle letterlik krummels en bedel-geld aangebied om nie diegene, wat met hul geld sit, aan te vat nie!

Die HSAG Bestuur en regsman kan almal die versekering gee dat hulle alles in hul vermoë doen en sal doen om met ondersteuners (soos die skrywer hierbo) die pad te loop ten einde toe te sien dat reg en geregtigheid uiteindelik geskied.

6. HUIDIGE STAND VAN SAKE: VERSNELDE SERTIFIKASIE VIR HS21-22

In die lig van die onlangse suksesvolle Hofuitsprake teen Zephan en Georgiou, wat bepaal het dat die Sakereddingsplan en die Art 155-Reëlinskema nie 'n effek op die Terugkoop-klausule van HS 21 en 22 het nie, het die HSAG-regspan 'n Kennisgewing van Mosie in terme waarvan die HSAG die Hof nader vir 'n Versnelde Sertifiseringsbevel vir HS21 en 22, op 27 Julie 2018 op Georgiou en ander Respondente beteken. Dit beteken dat die saak teen daardie Respondente versnel word, maar geensins afbreuk doen aan die Sertifikasie aansoek van die ander Highveld sindikasies en Respondente nie.

In terme van die Kennisgewing van Mosie, het die Respondente 5 Hofdae geleentheid gehad waarin hulle aan die HSAG kennis moes gee indien hulle die Kennisgewing van Mosie wou opponeer.

Die HSAG bevestig dat mnr Georgiou en sy entiteite (soos verwag was) laat kennis gegee het van hul voorneme om die voorgestelde Versnelde Aansoek vir Sertifisering te opponeer.

In terme van die Hofreëls moet Georgiou 'n eedserklaring op die HSAG beteken waarin die redes vir sy opponering uiteengesit word.

Indien die HSAG nie so 'n verklaring binne die tydperk ontvang nie, sal die HSAG voortgaan om die aangeleentheid op die ongeopponeerde rol te plaas vir aanhoor.

Die HSAG versoek alle lede om die Kennisgewing van Mosie, asook die Verklaring ter ondersteuning van die Kennisgewing van Mosie, welke dokumente op die HSAG se webblad by www.hsaction.co.za geplaas is, deur te lees.

Indien die HSAG suksesvol is met die bogenoemde Aansoek, het mnr Nic Georgiou, sy trust en Zephan geen verskoning om nie die Terugkoop-klausule na te kom nie.

HSAG-lede wat in die ander HS-maatskappye belê het se eise is glad nie verlore of in gedrang nie. Omdat die eisorsaak van HS 15 tot 20 op ander feite en omstandighede, nl onder andere ook bedrog en wanvoorstellings berus, is die roete wat met hierdie eise gevolg moet word anders as in die van die HS 21 & 22.

Bogenoemde beleggers se eise is reeds ingestel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek en sluit hierdie Aansoek die verjaring van eise in.

7. NIE-BETALING VAN RENTE

Die HSAG verneem dat agterstallige rente intussen vir Junie aan HS beleggers betaal is.

Ons neem egter kennis van die feit dat nie al die rentebetelings ten aansien van Julie 2018 ten volle gedoen is nie.

Die HSAG se posisie is steeds onverbidlik dat Orthotouch nie rentes vanaf HSAG-beleggers kan weerhou weens hul ondersteuning/deelname aan die HSAG nie. Dit is egter duidelik dat Orthotouch nie deur sy direkteur bestuur word nie maar deur die telefoniste en administratiewe personeel wat deur Georgiou voorgeskryf word om HS Beleggers te dreig om vorms teen die HSAG te onderteken. Orthotouch se direksie het deur hul prokureurs skriftelik bevestig dat Orthotouch sy eie reëlinskema sal honoreer maar steur die voetsool personeel hul nie daaraan nie.

Die Art 155-Reëlinskema bepaal duidelik dat rente aan HS-beleggers betaal moet word voor of op die sewende dag van elke maand. Zephan betaal slegs kapitaal en kan rente nie weerhou word deur Orthotouch nie.

Indien die rente nie betaal word nie, kom dit neer op minagting van 'n Hofbevel.

HSAG-beleggers is ook onder geen verpligting om enige vorm te voltooi waarin 'n HSAG-lid sy lidmaatskap aan die HSBF bekendmaak nie.

Indien HSAG-beleggers wél die vorm voltooi het of oorweeg om dit te doen, word dit op die HSAG-lid se eie risiko gedoen wat tot die beëindiging van sy/haar HSAG lidmaatskap kan lei.

8. LAAT- AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Laat-aansoeke sal op 'n streng ad hoc basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za, beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na hsagregister@gmail.com stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet gestuur word aan hsagregister@gmail.com.

9. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- hsagenquiries@gmail.com vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytskelding van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- hsagregister@gmail.com vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG-lede;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagdebitorder@gmail.com vir beleggers wat hul bydraes by wyse van debietorder wil betaal.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos **nie spoedig of enigsins** die nodige aandag geniet nie.

10. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike Whatsapp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na hsactiongroup@gmail.com waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig, ge-“like” en kommentaar op gelewer word.

11. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes, waarvan sommige s lank gelede as 2014 reeds uitstaande is, so spoedig moontlik op datum gebring moet word. Bykans vier jaar sedert die totstandkoming van die HSAG is dit uiters onbillik teenoor getroue lede van die HSAG dat persone wie regsverteenvoordiging verlang in 'n saak waar die gemiddelde eisbedrag R250 000.00 is, nie bereid of gewillig is om die nominale bydrae vir registrasie en/of regskostes te betaal nie.

Let asseblief op die volgende:

- i. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 **per sindikasie** was gehef tot Oktober 2015 en daarna is dit verhoog na R1 500 **per sindikasie** en behoort so op u staat te verskyn
- ii. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 **per sindikasie**;
- iii. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 **per persoon** gemaak;
- iv. In Februarie 2018/Maart 2018 was 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van R2 000 **per persoon** gemaak;
- v. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;
- vi. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, mag daar 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansi le bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig;
- vii. Van die einde van Februarie 2018 word persone wie se bydraes op datum betaal is met 'n totale eiswaarde wat R50 000,00 of minder tesame met 'n skriftelike versoek aan Theron & Vennote, kwytgeskeld van die 2018 administratiewe- en regskostes.
- viii. Kwytskelding **is nie van toepassing nie** op vorige jare se registrasie / administrasie / regskostes en agterstallige fooie nie en is steeds betaalbaar.
- ix. **Geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.**

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regsplan wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n vêr pad gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. In die lig van die feit dat die HSAG nou voortgaan met die sertifisering van 'n klas-aksie en die proses wat nou gevolg gaan word ten einde die Art 155-Reëlinskema tersyde te stel, versoek ons dat al die HSAG-lede hul kant te bring ten einde die aangeleentheid suksesvol af te handel. Almal se samewerking word vereis.

12. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Die HSAG en hul prokureurs, Theron & Vennote, wil u graag bedank vir u volgehoue en lojale ondersteuning aan die HSAG. Die HSAG-saak behoort aan elke individuele belegger, daarom wil ons u versoek om u eie saak te ondersteun ten einde die nagenoeg R4.8 miljard van Orthotouch en andere te eis.

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG, let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
- ii. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooid aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com
- iii. Die HSAG-beleggers se inligting wat gebruik word was aanvanklik verkry vanaf die aansoekvorms wat HSAG-lede ingevul het. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
- iv. Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede deur in te skakel of om 'n e-pos te stuur na hsagregister@gmail.com
- v. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat.
- vi. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien, geoutomatiseerde state word van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com



HS Action Group

AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: AUGUST 2018

Dear HSAG Investor / Mr / Mrs / Ms [Customer Name]

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information although emails are also sent out from time to time.

Please keep us up to date with any changes to your personal and/or contact details.

1. INTRODUCTION

It was recently reported in the media that Mr Nic Georgiou's one son, in his personal capacity (and that does not even include the rest of the Georgiou family, their entities and businesses!) is amongst the top 30 richest individuals in South Africa.

The HSAG's legal action against the Georgiou's is therefore not against people who are incapable of paying.

